UPM

FROM OPPRESSION
TO TRUE FREEDOM

Eenheid op Rehoboth, 24 September 2010

Die United People`s Movement (UPM) met haar hoofkantoor op Rehoboth is amptelik op 27 Julie 2010, by die Verkiesings Kommissie van Namibië as politieke party geregistreer**.** Die ``Beweging`` het sy ontstaan gehad nadat voorheen opponerende politieke faksies op Rehoboth, die strydbyle begrawe het, met die doel om die Volk te verenig en weer ‘n stem te gee aan die stemloses wat weens politieke strewes van ‘n sekere groep agter gelaat was. Die faksies wat hier betrokke was is die Burger Beweging onder leiding van Mnr Willem Bismarck van Wyk en die Rehoboth Baster Gemeente van Kaptein John McNab. Die faksies het besluit om onder die vaandel van die Rehoboth Baster Gemeente te opereer en ‘n ooreenkoms in die verband was gesluit op 09 Januarie 2009. Die Eenheidsbeweging onder die voorsitterskap van Mnr Willem Bismarck van Wyk was toe gestig.

Die Eenheidsbeweging het verder gegaan en met ander belanghebbende partye en organisasies op Rehoboth beraadslag. Die strewe na ``Eenheid`` was die vertrek punt in alle gevalle. Die RDP, NMDC,DTA, RP en RRA was almal by gesprekvoering betrokke. Net die DTA het die gedagte van eenheid onvoorwaardelik ondersteun en ‘n samewerkingsooreenkoms was op 08 November 2009 onderteken. Met die ondertekening van die ooreenkoms het die DTA onderneem om nie kandidate vir die 2010 Streeks en Plaaslike Owerheidsverkiesings in die drie Rehoboth kiesafdelings te stel nie. (Rehoboth Wes, Oos en Platteland) Die RRA het ook intussen by die ``Beweging`` aangesluit maar het op 27 Oktober 2009 uit die Beweging bedank en ‘n ooreenkoms met die APP onderteken. Die Eenheidsbeweging het op 30 Oktober 2009 ‘n Grondwet aanvaar en het begin om onder die naam ``Rehoboth Democratic Movement`` (Reho. D.M) te opereer. Op 12 Maart 2010 het die ``Beweging amptelik by die Verkiesings Kommissie van Namibië aansoek gedoen om registrasie as politieke party. Die RRA het onmiddelik hierna amptelik by die Kommissie beswaar gemaak teen die gebruik van die woord ``Rehoboth`` in die naam van die ``Beweging``. As gevolg hiervan verander die naam van die ``Beweging op 15 Junie 2010 na die United People`s Movement (UPM) en is daarna deur die Kommissie goedgekeur.

Die party beoog in die komende Streek en Plaaslike Owerheidsverkiesings verskeie kiesafdelings te betwis met die oog op beter dienslewering deur munisipale rade. Die UPM onderneem voorts om so ver moontlik korrupsie te beveg en om effektiewe dorpsbesture daar te stel. Die eerste UPM kongres was gehou op 11 September 2010 waartydens ‘n Bestuur gekies was. Mnre Willem Bismarck van Wyk en Piet Junius was verkies as President en Visie President onderskeidelik.

Tydens die kongres was dit duidelik gestel aan voornemende kandidate dat dissipline die wagwoord sal wees. Kandidate was ook daarop gewys dat daar van hulle verwag word om die volk met respek, eerlikheid en waardigheid te dien.

Tydens die kongres was dit duidelik gestel aan voornemende kandidate dat dissipline die wagwoord sal wees. Kandidate was ook daarop gewys dat daar van hulle verwag word om die volk met respek en waardigheid te dien. Die party het haar ook sterk uit gespreek rondom die onbetrokkenheid of onwillighied van vroue om in party strukture te dien. Vroue was versoek om in hulle onderskeie distrikte en streke vroue te identifiseer wat leiding kan neem en om sodoende die rol van die vrou in die gemeenskap te beklemtoon.

Beswaarde inwoners van ander dorpe was ook versoek om met die UPM te skakel indien hulle daarin sou belangstel om kandidate in hul dorpe onder die vaandel van die UPM te stel. Die UPM bied ook geleentheid aan die Belasting Betalers Verenigings om kandidate op streeksvlak onder die vaandel van die UPM te stel. Dit was ook benadruk dat die doelstellings van die party in lyn is met die van Belasting Betalers Verenigings en daarom meer slaankrag aan dié Verenigings kan gee.

Die UPM het na die afloop van die kongres sy Kandidate verkies wat in die komende verkiesings setels in die Rehoboth Wes, Oos, Platteland, Rehoboth Dorp en Khomasdal Noord kiesafdelings sal betwis. Kaptein John McNab het tydens die kongres beklemtoon dat die tyd aangbreek het vir minderheidsgroepe insluitende die Baster Volk om deur die demokratiese proses terug te neem, dit wat hulle na onafhanklik ontneem is, en om deel te word van die plaaslike bestuure en ander vlakke van die regering en sodoende ‘n toekoms te verseker vir hul nageslag. Die Baster Kaptein het by die geleentheid ook die President van die UPM geluk gewens met die stap om die Volk oor politieke en kulturele grense heen te verenig en daarmee sy steun aan die UPM toe gesê. Die Party betreur voorts die jongste besluit van die Regering om die ``Regional Council Act`` so te wysig met die doel om beheer te behou oor streke wat deur die opposisie in die kommende verkiesing ingepalm kan word. Die Party is dit eens dat die aanstelling van Goeverneurs, as gevolg van die wysiging, nie demokraties is, terwyl die SWAPO Regering demokrasie bepleit. Die Party stel voor dat sodanige besluit met alles tot hul beskiking deur die opposisie beveg moet word.

Die UPM het ook haar ontevrededheid uit gespreek rakende onafhanklike Kandidate wat met die naam van die UPM ``smous`` en versoek dat sodanige persone die veldtog moet stop.

Die res van die Bestuur is as volg
Voorsitter:Jan J van Wyk(0812137339),Sekretaris General:Martin Dentlinger (081 422512)
Visie-Voorsitter: Ryno Angermund (Jeug Windhoek 081 1222520)
Tesourier: Johannes T van Wyk
Sekretaris Finansies: Micheal Diergaardt
Sekretaris Organisasie: Wilma Maasdorp
Sekretaris Inligting: Dirk Snyders
Zeino Theron (Jeug Rehoboth 081 3378611)

Alternatiewelik kontak Mnr Piet Junius (081 292 1881)

UPM

FROM OPPRESSION
TO TRUE FREEDOM